**Ek gee julle 'n nuwe gebod (OP235)**

**Joh 13:33-38**

**5 Oktober 2025**

Laasweek het ons na Judas Iskariot gekyk. Ons het besin oor waarom Judas toegelaat was om daardie aand teenwoordig te wees in die bovertrek. Ons het gesien dit was juis vervulling van die Ou Testamentiese profesie in Ps 41:10. Verder het dit ook die doel gedien dat die Here Jesus Sy dissipels vooruit kon waarsku oor die komende optrede van Judas as Sy verraaier, sodat hulle nie onkant betrap sou word wanneer dit gebeur nie, maar dit hulle dan eerder sal help om te glo dat die Here Jesus werklik die "Ek is" is. Die Here Jesus het ook daardie aand die geleentheid gebruik om vir Judas te laat verstaan dat Hy presies geweet het wat Judas beplan het, en Hy het boonop aan Judas deur die liefdeshandeling toe Hy vir hom 'n stukkie brood gegee het, die geleentheid gegee om af te sien van sy bose plan. Maar, Judas het nie daarvan afgesien nie, die duiwel het eerder in hom ingevaar, en die gevolg was dat Judas die bovertrek verlaat het, en uitgegaan het in die nag in, in die duisternis in. Die verstommende was egter die feit dat toe Judas uitgegaan het die nag in, het die Here Jesus aangekondig: "Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik." Die verraaiing van die Here Jesus deur Judas, was die begin van die verheerliking van die Here Jesus, en dit sou lei tot die punt waar die Here Jesus in heerlikheid aan die regterhand van die Vader sit. AL het die gebeure verwarrend gelyk, was die Here God soewerein in beheer van dit alles, en het dit konstruktief meegewerk na God se einddoel.

Vandag wil ek na Joh 13:33-38 kyk. Ek wil dit oordink deur drie van die Here Jesus se uitsprake te bestudeer: (1) "Ek is nog net 'n kort tydjie by julle" (Joh 13:33), (2) "Ek gee julle 'n nuwe gebod" (Joh 13:34-35), en (3) "Waarheen Ek nou gaan, kan jy My nie nou volg nie" (Joh 13:36-38).

<u>"Ek is nog net 'n kort tydjie by julle" (Joh 13:33)</u>

Lees Joh 13:33. Judas het vertrek en is uit die nag in. Die Here Jesus is nou in gesprek met die 11 oorblywende dissipels. Sopas het Hy hulle geleer dat wat nou besig is om te gebeur, is die verheerliking van die Seun van die mens, en daarmee saam ook die verheerliking van die Vader. In vers 33 spreek Hy die oorblywende dissipels aan as "My kinders" – Hy gebruik die verkleinwoord vir kinders, ons sou kon sê Hy spreek hulle effektief aan as "My liewe kinders" – vol deernis. Hy praat met hulle as die Hoof, en hulle is die kinders. Sy boodskap aan hulle is dat Hy nog net 'n kort rukkie by hulle gaan wees – en daarna gaan Hy weg. Ons sou kon wonder: Watter weggaan het Hy in gedagte gehad? Sy sterwe die volgende dag, of Sy hemelvaart 40 dae na Sy opstanding? Dit is so dat beide weggaan-gebeurtenisse in die Here Jesus se opvolgende lering aandag sou geniet. Dit is ook so dat beide weggaan-gebeurtenisse op hande was. Boonop weet ons ook nou al dat beide weggaan-gebeurtenisse in wese deel is van die Here Jesus se verheerliking. Don Carson redeneer ons moet waarskynlik beide in gedagte hou.

In vers 33 sê die Here Jesus ook dat as Hy weg is, gaan Sy dissipels Hom soek, maar die realiteit is dat waar Hy gaan, kan hulle nie gaan nie. Immers: As Hy weggaan deur te sterf, wel, hulle gaan nie saam met Hom sterf nie. As Hy weggaan deur op te vaar hemel toe, wel, hulle gaan nie saam met Hom opvaar nie. Dit is egter insiggewend om op te let dat die Here Jesus spesifiek sê Hy het dit ook al vir die Jode gesê. Kom ons kyk na twee plekke waar die Here Jesus juis dit vir die Jode gesê het:

- Joh 7:32-34 – In hierdie gedeelte lees ons dat die Fariseërs die Here Jesus wou gevange neem deur die tempelwag te gebruik. In hierdie uitspraak van die Here Jesus het Hy ook aangedui dat Hy nog net 'n kort rukkie by hulle sal wees, voor Hy na Hom sal gaan wat Hom

gestuur het – d.w.s. voor Hy na Sy hemelse Vader gaan – d.w.s. die Here Jesus het hier na Sy hemelvaart verwys. Maar let nou op wat die Here Jesus in vers 34 vir die Fariseërs gesê het: Hy het twee dinge gesê: (1) Hulle sal Hom soek, maar nie vind nie, en (2) Hulle kan nie gaan waar Hy gaan nie. Die tweede stelling, dat hulle nie kan gaan waar Hy gaan nie, stem ooreen met wat die Here Jesus vir die dissipels in die bovertrek gesê het. Maar die Here Jesus het nie vir die dissipels gesê dat as Hy weg is, sal hulle Hom soek maar nie vind nie. Hier is dus 'n verskil: Ons kan tussen die lyne aflei, selfs nadat die Here Jesus weg is, sou die dissipels steeds die Here Jesus kon soek én Hom vind – en die res van die gesprek in die bovertrek sal later verduidelik hoe dit moontlik gaan wees. Maar dit gaan beperk wees tot die dissipels – die Fariseërs gaan nie hierin deel nie.

- Joh 8:21 – Hier was die Here Jesus in gesprek met die Jode. Weer lees ons dat Hy gesê het dat Hy weggaan, en dat hulle nie kan kom waar Hy gaan nie – soos vir die dissipels en ook vir die Fariseërs. Soos wat Hy vir die Fariseërs gesê het, sê Hy nou ook vir die Jode dat hulle Hom ook dan sal soek. Maar nou voeg Hy ook nog by: Al sal hulle Hom soek, sal hulle in hulle sonde sterf. Hy het niks hiervan vir die dissipels in die bovertrek gesê nie.

Die boodskap van die Here Jesus aan Sy dissipels in die bovertrek was dus die volgende: Hy gaan binnekort weg, en hulle kan nie saamgaan nie. Enersyds gaan Hy weg deurdat Hy gaan sterf – Hy gaan dit alleen doen, net Hy kan sterf sodat hulle skoon gewas kan word in Sy bloed – hulle kan nie saamgaan as Hy dit gaan doen nie. Andersyds gaan Hy weg deurdat Hy gaan opvaar hemel toe – Hy gaan alleen opvaar, hulle gaan hier op aarde agterbly. Maar: Al kan hulle nie saamgaan nie (ons sal netnou sien: al kan hulle nie <u>nou</u> al saamgaan nie), kan hulle Hom steeds vind (anders as die Fariseërs), en hulle gaan nie in sonde sterf nie (anders as die Jode). Ja, die detail van presies hoe dit werk sal uitgewerk word later in die gesprek, maar intussen moet hulle moed skep: Al gaan Hy weg, al kan hulle nie nou saamgaan nie, kan hulle Hom steeds vind en hulle gaan verlos word van hulle sonde.

<u>"Ek gee julle 'n nuwe gebod" (Joh 13:34-35)</u>

Lees Joh 13:34-35. Sopas het die Here Jesus aan Sy dissipels verduidelik dat Hy op die punt staan om weg te gaan, en dat hulle nie kan saamgaan nie. Nou gaan die Here Jesus voort, en Hy begin om aan hulle te leer wat Hy van hulle verwag gedurende die periode wat Hy weg is. Hy leer hulle hoe hulle moet optree nadat Hy vertrek het.

Vir hierdie doel gee Hy vir hulle 'n nuwe gebod: "Julle moet mekaar liefhê, soos wat Ek julle liefgehad het". Ek glo dit is duidelik: die inhoud van hierdie nuwe gebod is liefde – en juis die liefde wat hulle as dissipels vir mekaar moet hê. En boonop: Hulle moet mekaar so liefhê as wat die Here Jesus hulle liefhet. Onthou nou Joh 13:1 waar ons gelees het dat die Here Jesus Sy eie mense in die wêreld liefgehad het, en Hy het hulle liefgehad tot die einde toe. Ons het destyds daaroor besin dit kan beteken: Óf Hy het hulle lief tot aan die einde toe, d.w.s. totdat alles afgehandel sal wees. Óf Hy het hulle tot die uiterste toe lief, d.w.s. so lief dat Hy selfs bereid is om vir hulle te sterf sodat hulle skoon gewas kan word in Sy bloed – soos wat dit afgebeeld is in die voetwassing toe Hy as hulle Here en Leermeester hulle voete gewas het. Na die voetwassing het Hy dit juis opgevolg met die opdrag dat hulle ook mekaar se voete moet was, d.w.s. hulle moet ook mekaar dien en liefhê tot die uiterste toe – soos wat Hy hulle liefhet tot die uiterste toe. En dit is dan ook nou juis die inhoud van die nuwe gebod wat Hy vir hulle gee waaraan Hy wil hê hulle gehoorsaam moet wees wanneer Hy weg is: Hulle moet mekaar liefhê, soos wat Hy hulle liefhet.

Die vraag is nou: Hoekom het die Here Jesus hierdie gebod 'n "nuwe" gebod genoem? Immers: Dink aan die volgende:

- In Deut 6:5 het die Here al gesê: "Jy moet die Here jou God met hart en siel liefhê en met al jou krag."
- In Lev 19:18 het die Here al gesê: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here."
- In Mark 12:29-31 het die Here Jesus al die wet opgesom en gesê: "Die eerste is, 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' Die tweede is dit, 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'"
- Trouens, later sou Paulus ook in Rom 13:9 skryf: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself", en in Gal 5:14 sou hy later skryf: "Want die hele wet word in één uitspraak vervul: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'"

Die punt is: Om jou naaste lief te hê, was al 'n verwagting van die Here God in die Ou Testament, die Here Jesus het dit self ingesluit in Sy opsomming van die wet, en selfs later het Paulus ook onderstreep dat dit juis die vervulling van die wet is. Waarom sê die Here Jesus hier in Joh 13:34 dat Hy aan Sy dissipels 'n nuwe gebod gee, en dat die inhoud van die gebod is dat hulle mekaar moet liefhê? Hoekom noem Hy hierdie gebod van liefde vir mekaar 'n nuwe gebod, as die gebod van naasteliefde alreeds lankal gevestig is en steeds gehandhaaf word, selfs ook deur die Here Jesus self?

Ek is oortuig om dit te verstaan moet ons mooi oplet na die twee opdragte: Aan die een kant is die opdrag "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself", terwyl die Here Jesus nou hier vir Sy dissipels sê "Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet". Dit lyk vir my hier is twee belangrike verskille:

- Die fokus van die liefde: In die eerste geval (Jy moet jou naaste liefhê soos jouself) is die fokus van ons liefde ons naaste. En ons weet ons naaste is ons medemens – in die algemeen – dit sluit alle mense in, dit sluit selfs ons vyande in. Dink aan Mat 5:43-47 waar die Here Jesus juis geleer het dat ons onder die term "naaste" selfs ons vyande moet insluit, en dat ons hulle moet liefhê. Maar in die nuwe gebod aan die dissipels in die bovertrek sê die Here Jesus die dissipels moet mekaar liefhê. Die fokus is op die mede-dissipels. Siende dat Judas reeds vertrek het, beteken dit dat dit die oorblywende dissipels is wat mekaar moet liefhê – hulle is die mense wat die Here Jesus beskryf het as Sy eie mense (Joh 13:1). Onthou verder, dit is ook tydens die gesprek in die bovertrek dat die Here Jesus die nagmaal ingestel het, en die beker van die nagmaal verwys juis na die nuwe verbond – en hierdie nuwe verbond tree juis nou in werking, noudat die verheerliking van die Seun van die mens aangebreek het. En ons weet uit Eseg 36:26-27 die mense wat deel is van die nuwe verbond is die mense wat nuwe harte ontvang en wat die Heilige Gees ontvang en wat die Here se gebooie sal nakom. Kortom, hulle is die gelowiges wat skoon gewas word in die bloed van die Here Jesus. In die nuwe gebod fokus die Here Jesus juis op hierdie mense – die mense wat weet wat Hy vir hulle gedoen het, dat Hy Sy lewe vir hulle sal aflê of reeds afgelê het. Dit handel in die nuwe gebod oor die liefde wat hierdie mense vir mekaar moet hê. Dit is 'n unieke groep mense wat elkeen persoonlik verstaan hoe die Here Jesus elkeen van hulle tot die uiterste toe liefgehad het, en daarom kan die Here Jesus nou van hulle verwag dat hulle nou ook mekaar moet liefhê soos wat Hy hulle elkeen persoonlik liefgehad het. Ja, hulle moet steeds nog ander mense ook liefhê, ja, hulle moet steeds nog hulle vyande ook liefhê – maar in die nuwe gebod verwag die Here Jesus in besonder dat hulle mekaar moet liefhê.
- Die standaard van die liefde: In die opdrag "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" is die standaard waarmee jy jou naaste moet liefhê jou selfliefde, maar in die nuwe gebod stel die Here Jesus 'n ander standaard: "Julle moet mekaar liefhê soos wat Ek julle liefhet". Hier is die standaard nie meer ons selfliefde nie, nee, die standaard is nou die Here Jesus se liefde. En soos wat ons gesien het, is dit liefde tot die uiterste toe. Kom ons dink bietjie verder

hieroor: In die Ou Testament het die Here Jesus nog nie gekom en kom toon hoe lief Hy Sy eie mense het nie. Daarom, so tragies as wat dit is, was die beste standaard wat die Here vir die sondegevalle mens kon gee waarvolgens om lief te hê, sy liefde vir homself. En dit is hoe lief hy alle mense moes hê. En dit is ook wat die Here Jesus bevestig het in Sy opsomming van die wet. Dit is selfs ook wat Paulus later bevestig as standaard vir hoe lief ons ons naaste moet hê, dus hoe loef ons alle mense moet hê. Maar in die bovertrek is die Here Jesus op die punt om te wys hoe lief Hy Sy eie mense het – tot die uiterste toe. En wat Hy van hulle verwag nadat Hy Sy liefde daadwerklik bewys het, is dat hulle mekaar ook so lief moet hê. Daar moet 'n intensiteit wees in die onderlinge liefde van Sy eie mense wat selfs hulle liefde vir hulle naaste en hulle liefde vir hulleself moet oorskry.

Lees weer Joh 13:35. Die liefde tussen die dissipels, en dus tussen die "eie mense" van die Here Jesus, die liefde tussen gelowiges behoort so uniek te wees, dat dit 'n getuienis sal wees vir alle mense. Alle mense behoort die liefde van gelowiges te ervaar, deurdat gelowiges alle mense, selfs hulle vyande, liefhet. Maar daar is iets unieks aan die liefde tussen gelowiges wat so intens is dat selfs ongelowiges dit sal raaksien, en daardeur gefassineer sal word. Dit moet hulle as't ware jaloers maak om ook daardie liefde te wil ervaar. En wanneer hulle die gelowiges vra waar daardie intense liefde vandaan kom, is hulle antwoord eenvoudig: Want dit is hoe lief die Here Jesus hulle gehad het – tot die uiterste toe. Sy liefde maak die wêreld se verskil aan hulle lewens – Sy liefde het tot gevolg gehad dat hulle kon oorgaan van die dood na die lewe. Daarom het hulle mekaar ook nou so lief. En, as die ongelowige ook werklik in hierdie liefde wil deel, moet hulle in die Here Jesus glo, en sodoende deel word van Sy eie mense, en self Sy liefde ervaar wat tot die uiterste toe strek, en self ook hierdie uiterste liefde van die ander gelowiges ervaar.

Beteken dit dat daar 'n hoër standaard is vir ons liefde vir medegelowiges as wat daar is vir ons liefde vir ander mense, insluitend ons vyande? Ek dink so. Immers is die Here Jesus se liefde vir Sy eie mense hoër as ons selfliefde. Beteken dit nou daar is 'n beperking op hoe lief ek my vyande moet hê? Beteken dit dalk dat ek my vyande selfs in beginsel te lief kan hê? Ek dink nie dit is iets waaroor ons ons hoef te bekommer nie. In elk geval sukkel ons in hierdie lewe so om ons vyande lief genoeg te hê, dat ek dink dit is dikwels eerder 'n teoretiese vraag as 'n werklike vraag waaroor ons ons hoef te bekommer. Maar ek dink dit is wel waar dat daar situasies kan ontstaan waar ek byvoorbeeld beperkte vermoëns het om liefde aan ander mense te betoon – byvoorbeeld ek kan beperkte middele hê waarmee ek ander se nood kan verlig. In so 'n geval fokus ek eerder op liefde vir my medegelowige as liefde vir my vyand. Laat my toe om Don Carson aan te haal as hy hieroor skryf. Ek vertaal vrylik: "Dit is nie soseer dat Christene die mense in die wêreld, insluitend hulle vyande, minder lief moet hê nie. Die fokus is eerder dat hulle mekaar meer moet liefhê. Nog beter gestel: Hulle onderlinge liefde vir mekaar moet 'n refleksie wees van hulle nuwe status en ervaring as kinders van God, wat die wedersydse liefde tussen die Vader en die Seun reflekteer. Daarteenoor, is hulle liefde vir die mense in die wêreld 'n uitdrukking van hulle medelye, verdraagsaamheid en empatie, asook hulle fokus op evangelisasie. Immers begryp alle ware Christene dat hulle nooit iets meer kan wees as bedelaars wat maar net vir ander kan vertel waar daar brood is nie. Die Nuwe Testament fokus soms op ons liefde vir ons naaste, en op ander geleenthede op ons onderlinge liefde vir mekaar – maar dit fokus nie daarop om die een teen die ander af te speel nie." Die punt is: Die liefde tussen gelowiges behoort 'n refleksie te wees van die liefde van die Here Jesus vir die gelowiges, wat op sy beurt 'n refleksie is van die liefde tussen die Seun en die Vader. Dit is iets unieks. Iets waarvan ongelowiges niks begryp nie. Maar dit is wanneer ons ongelowiges liefhet op 'n vlak waarvan hulle iets verstaan (dit is op die vlak van selfliefde), en wanneer hulle begin raaksien hoe gelowiges mekaar op 'n nog unieker vlak liefhet (dit is op die vlak van die Here Jesus se liefde vir die ons), dat ons 'n effektiewe getuienis aan hulle oordra wat getuig van die liefde van die Here self.

“Waarheen Ek nou gaan, kan jy My nie nou volg nie” (Joh 13:36-38)

Lees Joh 13:36-38. Die Here Jesus het nou reeds aan Sy dissipels verduidelik dat Hy binnekort weggaan. Hy het ook aan hulle verduidelik dat hulle nie saam met Hom kan gaan wanneer Hy weggaan nie. Nee, intussen wil Hy hê dat hulle mekaar moet liefhê soos wat Hy hulle liefhet. Maar Petrus is baie meer geïnteresseerd in waar die Here Jesus heengaan, eerder as hoe hy moet optree terwyl die Here Jesus weg is. Sy vraag aan die Here Jesus is dus: “Here, waarheen gaan U?”

Die antwoord van die Here Jesus aan hom is dat hy nie nou die Here Jesus kan volg nie, maar later sal hy Hom wel volg. Dit moes darem vir Petrus ten minste tot ‘n mate bevredig het – ja, hy kan nie nou gaan waar die Here Jesus gaan nie, maar hy sal wel later Hom volg na dieselfde plek toe. Maar steeds is Petrus nie tevrede nie. Sy reaksie is: “Waarom kan ek U nie nou volg nie?” Petrus is nie tevrede om te wag nie – nee, hy wil nou die Here Jesus volg. En hy is so ernstig hieroor dat hy selfs sê hy is bereid om sy lewe af te lê, solank hy net direk die Here Jesus kan volg na waar Hy ookal heengaan.

Hierop reageer die Here Jesus, en bevraagteken Petrus se bravade. Hy vra aan Petrus: “Sal jy jou lewe vir My aflê?” En dan maak die Here Jesus die gewigtige stelling – wat Hy met “Amen, amen” inlei: “Ek sê vir jou: Die haan sal nie kraai voordat jy My drie keer verloën het nie.” Nie net sal Petrus nie sy lewe vir die Here Jesus aflê nie, hy sal nie eers getrou aan die Here Jesus bly nie. Nie net sal hy nie getrou bly nie, hy sal die Here Jesus verloën. Nie net sal hy die Here Jesus verloën nie, hy sal Hom drie maal verloën. Nie net sal hy Hom drie maal verloën nie, hy sal dit voor hanekraai moreoggend doen. Arme Petrus: hy staan heeltemal ontbloot voor die Here Jesus. Sopas was hy bereid om vir die Here Jesus te sterf, maar die Here Jesus gee hom die versekering met ‘n dubbele amen dat voor die nag om is, sal Petrus Hom drie maal verloën.

Kom ons besin oor die betekenis van hierdie gebeure. Onthou wat ons vroeër gesê het rakende die weggaan van die Here Jesus: dit kan óf na Sy komende sterwe verwys óf na Sy komende hemelvaart. Kom ons besin oor beide moontlikhede:

- As die Here Jesus se weggaan na Sy sterwe verwys, is dit eenvoudig so dat Petrus nie op die volgende dag saam met die Here Jesus gaan sterf nie. Die rede waarom Petrus nie saam met Hom gaan sterf nie, is omdat daardie sterwe baie meer is as net die sterwe van ‘n mens. Nee, Sy sterwe is die eenmalige offer waardeur Hy versoening vir al Sy eie mense, insluitende Petrus, se sonde moet doen. Hulle is almal sondaars, en kan geen bydrae lewer nie. Dit is juis weens hulle hopeloosheid en hulpeloosheid dat Hy gekom het om in hulle plek te sterf. Juis die feit dat Petrus voor die einde van die nag die Here Jesus drie maal gaan verloën, onderstreep hoe onwaardig hy is om saam met die Here Jesus te sterf wanneer Hy juis sterf vir onder andere Petrus se tekortkominge. En dan praat ons nie eens van hoe onwaardig Petrus is om vír die Here Jesus te sterf nie. Petrus het eenvoudig nog nie verstaan wat die Here Jesus kom doen het nie – daarom praat hy uit onkunde uit.

  Maar, let op: Die Here Jesus het gesê Petrus kan Hom nie nou volg nie, maar later sal hy Hom wel volg. As die Here Jesus met Sy weggaan Sy sterwe bedoel, kan Petrus Hom nie nou volg en saam met Hom sterf nie, maar later sal hy wel die Here Jesus volg deur ook te sterf. En ons weet dat Petrus verskeie jare later wel gesterf het, soos wat die Here Jesus die volgende dag gesterf het. Maar Petrus het nie as nog ‘n verlosser gesterf nie, nee, hy het ‘n martelaarsdood gesterf juis omdat Hy die Here Jesus gevolg het wat wel die Verlosser was. En so het Petrus wel later die Here Jesus gevolg.

- As die Here Jesus se weggaan na Sy hemelvaart verwys, is dit ook eenvoudig so dat Petrus Hom nie 'n bietjie meer as 40 dae later sou volg met Sy hemelvaart nie. Die rede waarom Petrus Hom nie direk kon volg met Sy hemelvaart nie, is omdat die Here Jesus se hemelvaart deel van Sy troonsbestyging was. Hy het opgevaar na die hemel, daar waar die Vader ook is – die Vader wat driemaal heilig is. Daar het Hy gaan sit aan die Vader se regterhand, met alle mag en gesag. Die probleem is egter Petrus is nog nie heilig nie. Ja, hy glo in die Here Jesus, daarom is hy geregverdig – soos wat sy voetwassing uitgebeeld het. Maar hy is nie heilig nie – later hierdie nag sou hy die Here Jesus drie maal verloën. So, sy voete sal dan weer vuil wees, en net sy voete hoef dan gewas te word. Maar sy gebrek aan heiligheid is voldoende om die gevolg te hê dat hy nie nou die Here Jesus kan volg nie.

  Maar, let op: Die Here Jesus het gesê Petrus kan Hom nie nou volg nie, maar later sal hy Hom wel volg. As die Here Jesus met Sy weggaan Sy hemelvaart bedoel, kan Petrus Hom nie nou volg nie, maar later sal hy wel die Here Jesus volg. Later, met Petrus se sterwe, sal hy wel die Here Jesus volg – dan sal hy ook opgeneem word in die hemel in heerlikheid – daar waar die Here Jesus is. Maar eers is daar 'n paar dinge wat moet gebeur: Petrus moet eers groei in heiligmaking, voor hy gereed kan wees vir heerlikmaking. En, boonop, het die Here Jesus nog 'n verwagting van Petrus: Hy moet sy mededissipels en medegelowiges gaan liefhê soos wat die Here Jesus hom liefhet, sodat dit 'n getuienis kan wees, sodat almal kan weet dat hy 'n dissipel van die Here Jesus is, en sodat baie deur hom ook dissipels kan word. Eers as Petrus sy rol aan hierdie verantwoordelikheid vervul het, kan hy die Here Jesus volg en in heerlikheid opgeneem word.

Geliefdes, let daarop: die Here Jesus het Petrus tereg gewys, maar Hy het hom nie veroordeel nie. Die Here Jesus het geweet hoe min Petrus nog verstaan het, maar Hy het ook geweet hoe 'n groot rol Petrus nog gehad het om te speel. Daarom waarsku Hy Petrus en daarom leer Hy Petrus. Dit is soos Don Carson hieroor skryf: Goeie bedoelings in 'n veilige bovertrek na 'n ete met goeie kos is een ding. Maar om met 'n vyandige bende in 'n donker tuin gekonfronteer te word en te sien hoe die Here Jesus gevange geneem word, is iets heeltemal anders. Op hierdie stadium het Petrus se selfversekering sy werklike vermoëns oorskry. En dit is wat die Here Jesus vir hom uitwys – selfs nog voor dit gebeur, sodat Petrus dit kon verstaan toe dit gebeur het, en hy gevolglik die geleentheid gehad het om dit reg te maak. Dit alles moes aan Petrus duidelik maak hoekom hy nie nou die Here Jesus kon volg nie. Maar in Sy groot genade het die Here Jesus ook aan Petrus die versekering gegee dat hy Hom wel later sou volg – daarvan kon Petrus ook seker wees.

<u>Opsomming</u>

Die Here Jesus het Sy dissipels gewaarsku dat Hy sou weggaan. Ons leef verskeie eeue later – intussen het die Here Jesus lankal reeds weggegaan. Maar die Here Jesus het ook aan Sy dissipels bekend gemaak wat Hy van hulle verwag nadat Hy weggegaan het. Daardie verwagting van die Here Jesus is steeds in plek – ook vir ons: Hy verwag van ons dat ons mekaar, dus ons medegelowiges, sal liefhê soos wat Hy ons liefhet – dit beteken ons moet mekaar tot die uiterste toe liefhê. Hierdie liefde moet prakties sigbaar wees. Dit is deur ons onderlinge liefde vir mekaar dat ons nie net mekaar help nie, maar dit is ook 'n getuienis sodat almal kan weet dat ons die Here Jesus se dissipels is. En soos wat ons ons in hierdie liefde oefen, groei ons in heiligheid – want ons gaan ook die Here Jesus volg. Elkeen wat Sy dissipel is, sal ook in heerlikheid opgeneem word in die hemel. Dan moet ons seker wees dat selfs ons voete weer gewas is van alles sondes wat ons weer gepleeg het sedert ons in Sy bloed skoon gewas is. Dan moet ons heilig wees. Mag die Here ons hierin lei deur die werk van Sy Heilige Gees.